


**Geopende Deure**
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

# JOU 2017 IMPAKVERSLAG

Vriende soos jy het dit moontlik gemaak om meer as 800,000 handtekeninge voor te hou met die Miljoen Stemme van Hoop-petisie. (Sien bladsy 4)

**TEENWOORDIGHEIDSBEDIENING**

## Jy het die Kerk verseker dat hulle nie alleen is nie

In areas waar Christelike samesyn gevaarlik is, is dit moeilik om na ander gelowiges uit te reik. Tog is dit juis in hierdie omstandighede wat dit die belangrikste is om gelowiges te verseker dat hulle nie alleen is nie.

Dit is wat jou ondersteuning gedoen het met Geopende Deure se Teenwoordigheidsbediening in 2017. Briewe, kaartjies van bemoediging en aangesig-tot-aangesig besoeke het die fisieke "aanraking" gegee waarna vervolgde gelowiges verlang – en wat nie deur moderne tegnologie vervang kan word nie.

Dit was ŉ bron van krag vir Verlaine in die Sentraal-Afrikaanse Republiek, wie se man doodgemaak is vir sy geloof.

Verlaine het vertel…

***"Twee pastore en ŉ vrou het beurte gemaak om op Sondae na my huis te kom. Wanneer hulle my besoek het, het ek altyd gehuil omdat dit my herinner het aan die dinge wat gebeur het. Maar met die tyd en baie berading, het die Woord van God my hart aangeraak."***

| Teenwoordigheidsbediening in 2017 | |
|---|---|
| Totale aantal mense bereik | 8,794 |
| **TOTAAL** | **8 ,794** |



Verteenwoordigende foto gebruik.

*"Maar met die tyd en baie berading, het die Woord van God my hart aangeraak."*

– Verlaine, wat deur Geopende Deure se Teenwoordigheidsbediening besoek is nadat haar man doodgemaak is

BYBEL EN CHRISTELIKE LITERATUUR VERSPREIDING



*"Baie dankie dat julle my oë oopgemaak het vir die waarheid."*

– Fatima, ŉ nuwe gelowige te danke aan Geopende Deure se Bybelsverspreiding in Sentraal-Asië

Verteenwoordigende foto gebruik.

## Jy het die vervolgde Kerk bemagtig met God se Woord

Die krag van God se Woord is onbetwisbaar. Maar wanneer toegang tot Bybelse onderrig beperk word, word die Kerk se vermoë om te groei en te floreer ook beperk.

Dit is hoekom die verspreiding van Bybels en Christelike literatuur so ŉ belangrike deel van Geopende Deure se bediening is. Jou ondersteuning het gehelp om hierdie hulpbronne in die hande van mense soos Fatima, wat in Sentraal-Asië woon, te plaas.

Fatima was ŉ toegewyde Moslem – totdat ŉ vennoot van Geopende Deure vir haar ŉ fliek gewys het en ŉ boek gegee het om te lees. Sy het geweet haar lewe sal nooit weer dieselfde wees nie.

Fatima sê…

***"Ek gaan die Skepper meer en meer leer ken, en ek glo dat my lewe saam met God absoluut anders sal wees, baie beter. Baie dankie dat julle my oë oopgemaak het vir die waarheid."***

| Bybel en Christelike Literatuur Verspreiding in 2017 | |
|---|---|
| Bybels | 195,004 |
| Bybelse verwysingsmateriaal | 43,906 |
| Kinderbybels | 128,010 |
| Christelike literatuur | 717,630 |
| Toerusting om te help om die boodskap oor te dra/ vervoer (bv. IT-toerusting, voertuig) | 8,672 |
| Evangelies | 33,572 |
| Ondersteuning van die bedryf van Christenbiblioteke of -boekwinkels | 19,411 |
| Tydskrifte | 29,450 |
| Christelike musiek of films | 199,176 |
| Nuwe Testamente | 71,988 |
| Pre-produksie (bv. vertaling en ontwerp) | 5,707 |
| Studiebybels | 13,316 |
| Sondagskoolmateriaal | 58,029 |
| Opleidingsmateriaal | 386,582 |
| Christelike traktate | 603,550 |
| **TOTAAL** | **2,514,003** |

DISSIPELSKAP EN OPLEIDING

## Jy het die Kerk bemoedig met dissipelskap

Ons is gemaak vir samesyn – om ondersteuning en dissipelskap te ontvang vanaf ander lede van die liggaam van Christus. Jou ondersteuning in 2017 het gehelp om duisende Christenleiers te leer hoe om gelowiges, wat moeilike omstandighede in die gesig staar, toe te rus – soos Seida* in Soedan.

Seida het baie jare gelede Islam verlaat om Christus te volg. Sy het met Peter getrou, ook ŉ Christen. Maar toe die oorlog in 2011 uitgebreek het, het hy by die weermag aangesluit en het later gesneuwel.

Seida het gesukkel om hul kinders alleen groot te maak, en haar familie het druk op haar geplaas om terug te keer na Islam. Ons is dankbaar dat Seida se kerkleiers opgeleiding ontvang het rakende hoe om weduwees soos sy te ondersteun, en sy is van alles voorsien wat sy nodig gehad het. Hulle het selfs vir haar borduurwerk geleer, sodat sy ŉ inkomste vir haar gesin kon ontvang.

Seida vertel…

***"Ek is dankbaar vir my kerkleiers wat my altyd bystaan. Hulle doen wat ook al hulle kan om my te help om op my voete te bly."***

| Dissipelskap en Opleiding in 2017 | |
|---|---|
| Opleiding vir meer kennis en begrip (bv. bewusmaking rondom Islam) | 54,230 |
| Bybelse opleiding | 130,316 |
| Dissipelskap | 118,167 |
| Ontwikkeling van opleidingsmateriaal | 134 |
| Sedelike gedrag in die familie | 38,615 |
| Holistiese mandaat van die kerk in die samelewing | 11,853 |
| Leierskap | 62,852 |
| Die gee van leiding aan leiers | 3,748 |
| Vervolgingsvoorbereidheid (bv. *Standing Strong Through the Storm*-Seminaar) | 70,386 |
| Traumaberading | 42,814 |
| **TOTAAL** | **533,115** |



Verteenwoordigende foto gebruik.

*"Hulle doen wat ook al hulle kan om my te help om op my voete te bly."*

– Seida, ŉ weduwee wat kan volhard te danke aan Geopende Deure se Dissipelskap- en Opleidingsprogram in Soedan



SOSIO-EKONOMIESE ONTWIKKELINGS-PROJEKTE



Verteenwoordigende foto gebruik.

*"Sonder hierdie projek, sou ek steeds werkloos by die huis gesit het."*

– ŉ Pa wat hoop vir die toekoms het, te danke aan ŉ steenfabriek in Irak wat Geopende Deure, deur plaaslike vennote, ondersteun het in die fabriek se aanvangfase

## Jy het die Kerk toegerus met nuwe geleenthede

Die realiteit is dat Christene beide geestelike en praktiese ondersteuning benodig – insluitende finansiële en opvoedkundige geleenthede.

Terwyl sommige organisasies klere en geld versprei – wat slegs vir die korttermyn help – het jy gehelp om families, weduwees en weeskinders by te staan met geletterdheidsopleiding en werksgeleenthede, sodat hulle vir hulself op die langtermyn kan voorsien.

Een so geleentheid is ŉ steenfabriek in Irak wat Christene in diens neem wat voor vervolging vlug. Die standvastige inkomste beteken dat hulle in Irak kan bly en vir hul families kan voorsien, en ook ŉ getuie kan bly.

Een man wat werksaam is by die fabriek, vertel…

***"Sonder hierdie projek, sou ek steeds werkloos by die huis gesit het. Maar nou is dit beter. Ons hoop vir beter tye."***

| Sosio-ekonomiese Ontwikkelingsprojekte in 2017 | |
|---|---|
| Kerkkonstruksie | 6,599 |
| Gemeenskapsondersteuning | 26,253 |
| Skoolkonstruksie | 1 |
| Ondersteuning om die gemeenskap te bou | 36,868 |
| Mikrolenings | 331 |
| Mikro-ondernemingtoekennings | 6,640 |
| Bestaansmiddele ondersteuning, lenings en toekennings | 24,142 |
| Noodleniging (bv. kos & skuiling) | 638,489 |
| Noodleniging (bv. skuilhuise) | 2,249 |
| Mediese- of gesondheidsorg ondersteuning | 43,770 |
| Geletterdheidsopleiding | 24,032 |
| Skolastiese ondersteuning of opvoeding | 22,333 |
| Beroepsopleiding | 22,656 |
| **TOTAAL** | **854,363** |

# Jou roepstem het hoop vir die Midde-Ooste gebring

ŉ Ongelooflike 808,172 mense van 143 lande het die Miljoen Stemme van Hoop-Petisie onderteken. Die petisie is deel van Geopende Deure se wêreldwye inisiatiewe, Hoop vir die Midde-Ooste, wat voorspraak maak vir Christene in Irak en Sirië vir die reg tot gelyke burgerskap, waardige lewensomstandighede, en ŉ prominente rol in die versoening en herbouing van die samelewing.

In Desember 2017, is die petisie, onder andere, voorgehou aan hoë-vlak amptenare van die Verenigde Nasies, die Eerste Minister van die VK, Theresa May, en die Adjunkpresident van die VSA, Mike Pence.

Te danke aan jou vasberadenheid en die krag van ons gesamentlike stem is ons roepstem vir hoop in die Midde-Ooste gehoor!

Die Verenigde State en die Verenigde Nasies het gesamentlik $55 miljoen (R761 miljoen) beloof om Christene in Irak te help om te herbou. Deure is ook oopgemaak vir verdere vergaderings met hoë-vlak amptenare by die Verenigde Nasies.

ŉ Irakkese kerkleier, Fr. Behnam, was deel van die afvaardiging wat die petisie voorgehou het. Hy het vertel van die drie en ŉ half jaar sedert die Hoop vir die Midde-Ooste veldtog begin het…

*"Ons het uitgevind dat die Kerk in die hele wêreld saam met ons is. Dit is soos Paulus in 1 Korintiërs gesê het: as een ly, ly almal; as een verheug is, is almal verheug. Ek dank God dat ons bewys het dat Christene in die hele wêreld een familie is omdat ons Christus het – ongeag ons denominasie."*

Dankie dat jy gehelp het om hoop en ŉ toekoms vir Christene in Irak en Sirië te gee. En te danke aan jou volgehoue geskenke en gebede, duur hierdie voorspraakveldtog voort.




Noeh, ŉ 12-jarige Irakkese seun, saam met sy pa (voor, tweede van regs) en Irakkese kerkleier, Fr. Behnam (voor, tweede van links), en die Geopende Deure-span het die Miljoen Stemme van Hoop-Petisie aan die Verenigde Nasies in Desember 2017 voorgehou.

**Dankie vir jou geskenke en gebede gedurende 2017, wat so ŉ bron van bemoediging vir ons vervolgde broers en suster reg om die wêreld was. Saam, staan ons sterk as die liggaam van Christus!**

**Geopende Deure Direksie**

**Uitvoerende Direkteur** – J Gouws | **Direksie** – GG Wood (Voorsitter), WM Louw, K George, P Mcloughlin, GB Rogers

Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

**Geopende Deure Suider-Afrika | Posbus 1771, Cresta, 2118 | opendoors.org.za**